HOËRSKOOL WATERKLOOF

KLOFIEKOOR

BESKRYWING

Die koor is ‘n aktiwiteit waar elkeen se individuele sangstem ontwikkel word om uiteindelik ‘n eenheid in klank te vorm.
Dit is ‘n plek in ‘n kind se ontwikkeling waar hy/sy leer om gedissiplineerd in ‘n groot groep saam te werk, maar nie onderling in kompetisie met mekaar is nie.

DOELWITTE

Ons streef daarna om ‘n wêreldklaskoor te wees wat met trots kan optree as verteenwoordigers van die skool wanneer die geleentheid hom voordoen. Ons afrigter is nou al twee jaar by ons koor betrokke en die eerste doelwit van groei in getalle en selfvertoue is reeds bereik. Ons neem aan kompeterende kompetisies deel en oefen doelgerig om op nasionale vlak te presteer. Dit bly vir ons belangrik dat die koorlede moet geniet wat ons doen. Prestasie is ‘n uitvloeisel daarvan.

LYS VAN AFRIGTERS EN KWALIFIKASIES

Dirigent – mnr. Gert Pottas – BMus Honns. en besig met sy M- graad in koorleiding.
Stemafrigter – me. Elri Erwee – BMus met sang as hoofinstrument.
Begeleier – Dr. Ronelle Bosman.

KONTAKBESONDERHEDE

Koororganiseerder:
Carina Taute
E-posadres:
carina.taute@klofies.co.za

KOMPETISIES/BYEENKOMSTE

Ons neem aan verskeie koorfeeste deel – in Pretoria, Johannesburg en die Oosrand. Ons eie feeste is die Tres Scholarum, die Affie Derby en die Promenadekonsert.
Kompetisies – ATKV Applous en Sing in Harmonie. Ons beoog om in die toekoms ook aan die Suid-Kaapse internasionale koorkompetisie deel te neem.

ADDISIONELE KOSTE

Reis- en verblyfkoste vir ‘n kamp/ toer.
Koorklere – R1000 per kind eenmalig.

SPESIALE VEREISTES

Die dirigent doen gedurende Augustus en September oudisies met graad 8- tot 11-leerders. Daar is ook in Januarie geleentheid vir kinders wat dit nie vroeër kon bywoon nie.

Graad sewes wat voornemende Klofies is, se oudisies word by die omliggende laerskole gedoen. Ons sing om ‘n talent uit te leef, maar ook om met die universele taal van musiek ‘n boodskap van liefde en vreugde uit te dra.

OEFENTYE

Maandae van 16:45 tot 19:15,
Stemafrigting – Vrydae 7:00 tot 8:15
en enkele naweekoefenkampe

#grensloos